Traleeweg 101
Bronberrick
0157
E-pos: jochristaldrama@gmail.com
Webtuiste: jochristalakademieendramaskool.co.za
Whatsapp: 076 906 1232

# Kunswedstryde 2024

Beste ouer/voog

Die kunswedstryde is net nog 'n geleentheid vir leerders om hulle passie te ontwikkel en uit te leef. Let asseblief daarop dat hierdie afdeling nie verpligtend is nie.

Die Jo Christal Dramaskool is by verskeie kunswedstryde geaffilieer en leerders kan by enige een of by almal inskryf. Die voordeel om by al die kunswedstryde in te skryf, is dat leerders dieselfde item by almal kan doen en dit gee vir die leerder baie meer ondervinding in die medium.

Let asseblief op na die volgende belangrike inligting en inskrywingsprosedure.

## Prosedure:

- Inskrywings moet asseblief op ons webtuiste gedoen word. www.jochristalakademieendramaskool.co.za
- Maak asseblief seker dat u al die gevraagde inligting op die vorm voltooi.
- Merk asseblief die kunswedstryde waarvoor u wil inskryf.
- Merk asseblief die items waarvoor u wil inskryf.
- Merk asseblief dat u die inligting onderaan die vorm gelees het.
- Die inskrywingsvorm kan gevind word onder die afdeling Kunswedstryde.

## Inskrywingsdatum:

- Inskrywings open op 27 Februarie 2024 en sluit op 24 Maart 2024.
- Daar is baie administrasie rakende die inskrywings en daarom word geen laat inskrywings aanvaar nie.
- Die optreedatums van die Centurion Kunstefees en die Afrikaanse Kunsvereniging word eers later in die jaar aan ons bekend gemaak.
- Die datums vir die JC Kunstefees en Fynveer Kunstefees is reeds op die jaarprogram beskikbaar. Die optreetye en program sal egter later aan u bekend gemaak word.

## Kostes:

- Inskrywingsfooi:  R120 per item  (Dit sluit die werwing van tekste in.)
- Afringtingsfooi:   R360 vir drie (3)  20-minute sessies.
- Betalings kan in die Dramaskool se rekening gedoen word met die volgende verwysing:  Kind se voorletter, van, afkorting van skool en (KW) in hakkies.  Bv. J Joubert Vil (KW)
- Let asseblief weer daarop dat inskrywingsgelde nie terugbetaalbaar is nie.

## Afrigtingstye -en lokale:

- Afrigting vind op die volgende Saterdae plaas.
  1 Ste sessie:  13 April 2024
  2 de Sessie:   25 Mei 2024
  3 de Sessie:   20 Julie 2024
- Die afrigtingstye word persoonlik met die ouers gereël.
- Afrigting vind by Hoërskool Wonderboom plaas.
- Afrigting wat deur Sanette Olivier gedoen word, vind in Centurion plaas.

## Kunswedstrydwerkswinkel:

- Ons raai alle ouers en leerders aan om hierdie werkswinkel by te woon.
- Dit is vir ons baie belangrik dat almal mekaar verstaan en dat ouers by die afrigtingsproses betrokke moet raak.
- Ons gaan baie insiggewende wenke en werkwyses met u deel.
- U kan ook op hierdie geleentheid die afrigtingssessies by die betrokke afrigter bespreek.
- Datum:  ?
- Tyd:  11:00 tot 12:00
- Plek:  Wonder-Bo-Wonder Teater  (Hoërskool Wonderboom)
- Daar is geen ekstra koste aan hierdie werkswinkel verbonde nie.

Ons hoop om weer hierdie jaar ‘n hele paar JC-leerders onder ons vlerk te neem met die kunswedstrydafdeling.

Vriendelike dramagroete
JC-Span